geleentheid om te praat oor die hoop wat ons het in die dinge wat gaan kom, wanneer ons geneem gaan word om by Jesus te wees!

David en Sue was vir baie dekades vriende met Shinji en sy familie. Hy het baie waarde geheg aan die leringe van die Christendom, maar was nie altyd ernstig oor sy geloof nie. Nadat hy gehoor het hy het kanker, het hy vir David gevra om gereeld vir hom te bid. Sy ondervinding met kanker het gemaak dat hy ernstige selfondersoek begin doen het wat gemaak het dat hy openlik met sy nie-Christenvriende begin praat het oor sy geloof.

**Bid** asseblief vir Shinji en sy familie, terwyl daar ’n stryd vir hom voorlê met die breinkanker. Dit was so wonderlik om hom te hoor sê, “Dit maak nie saak wat gebeur nie, ek is nie bekommerd nie. Ek het vrede in my hart, want ek weet Jesus is by my.”



*David & Sue Verwey saam met Shinji en sy vrou*

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - “BID VIR ONS”**

- **Bybels en Leesstof**
- **Studente Uitreiking**
- **Bejaardes Uitreiking**
- **Evangelisasie Byeenkomste**
- **Oudiovisuele Uitreiking**
- **Hospitaal Evangelisasie**
- **Engelse Evangelisasie**

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie.

’n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van **STANDARD BANK** of **ABSA BANK** of ’n debietorder kan gebruik word.

Slakke pos kom onafgelewer terug. Sal u assblief so gaaf wees om ’n e-pos te stuur indien u enige navrae of van adres verander het.

Nogmaals **BAIE DANKIE**, liewe vriende. Mag die Here u seën.

**DAVID EN SUE VERWEY BEPLAN OM SUID-AFRIKA GEDURENDE 2026 TE BESOEK**
**Kontak ons gerus indien u 'n besoek wil beplan of 'n vergadering wil reël.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

**JULIE/AUGUSTUS 2025**

***“Roep My aan en Ek sal jou antwoord”*** *(Jer. 33:3)*

# JAPANSENDING

***Geroep om te dien***

## ’N DIENSKNEG SE HART



*Nathan Johnson*

Nathan Johnson is gebore in November 1987 in Minnesota, VSA.

Tot almal se verbasing is hy gebore as een van ’n tweeling. Die onverwagte geboorte van die tweede baba het sowel vreugde as bykomende uitdagings aan hierdie jong familie gebring.

“As ’n dominee se kind het ek opgegroei met die kerk as middelpunt van my lewe,” het Nathan gedeel. “Van ’n vroeë ouderdom het ek geleer van die leringe van Jesus en het ’n sterk basis ontwikkel met behulp van die Bybel. Desnieteenstaande was my kennis intellektueel en het ek nie ’n persoonlike verhouding met die Here gehad nie.

“As 14-jarige kind het ’n gebeurtenis my siening van die wêreld drasties verander. Op die môre van die 11de September 2001, het my onderwyser die radio aangeskakel.

Die klaskamer het skielik stil geword toe die aankondiger die tragiese tonele beskryf wat besig is om te gebeur in New York. Geboue is besig om in duie te stort en massiewe wolke van stof en rook het deur die strate ingestroom toe die vliegtuie in die geboue ingevlieg het.

“Ek is oorweldig met emosies van verwarring, hartseer en ’n groeiende gewaarwording dat ***iets gedoen moes word.*** Dit was ’n dag wat ’n blywende indruk op my gemaak het.

“Toe ek 18 jaar oud was, het ek ’n sterk begeerte gehad om aan te sluit by die Amerikaanse Militêre Diens. Ek het toe na die

**Verteenwoordigers in Japan: DAVID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO, IKOMA CITY,**
**NARA KEN, 603-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754 • www.japanmission.org**
**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Tel: (012) 337-1533 • Sel: 078 306 9839**
**sa@japanmission.org**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**“Ons ondervind pos word nie afgelewer nie. Stuur asb ’n e-pos na japansendingrsa@gmail.com indien ons die nuusbrief elektronies kan stuur.”**

werwingskantoor gestap. In 2006 het ek by die Amerikaanse Militêre Diens aangesluit. God het my nie definitief gelei om by die militêre diens aan te sluit nie, maar ek het gevoel dit was die regte en eerbare ding om te doen.

"Ek is in 'n godvresende huis groot gemaak waar respek teenoor 'n ander die kern van ons waardes was. Hierdie waardes is gou getoets in die Amerikaanse Militêre Diens, waar ek my tussen jongmans van oraloor in die land bevind het – baie wat nie outomaties respek betoon of verdien het nie.

"Terwyl ek in die Amerikaanse Militêre Diens was, is ek drie keer oorsee ontplooi en het ek dinge gesien wat diep wonde nagelaat het. Dit was eers nadat ek my diensplig in 2010 voltooi het wat ek ten volle besef het watter tol dit van my lewe geëis het.

"Die dokters het my met erge PTSV gediagnoseer. Die volgende agt jaar was ontsettend moeilik. My verhoudings was gespanne en my geestelike lewe het grootliks daaronder gely.

"In 2012 het daar 'n keerpunt in my lewe gekom toe die dokter my uitgedaag het met 'n simpel maar diepgaande waarneming: ***miskien stoot jy mense weg omdat jou kinderjare jou siening van die wêreld gevorm het. En omdat daardie siening bots met die werklikheid, voel jy verraai.***

"Hierdie woorde het die regte snaar aangeraak. God het die woorde van die dokter gebruik om 'n lang proses van selfondersoek te begin wat gelei het tot die heling van my hart.

"Ek het geweet dat ek moet verander, maar ek het nie geweet hoe nie. Ek het gereeld kerk toe gegaan, maar selfs my verhoudings met die mense in die kerk het vreemd en gespanne gevoel.

"Toe een Sondag preek die predikant oor die lewe van David. Ek het onmiddellik 'n konneksie gevoel omdat ek so kon identifiseer met sy worstelstryd. David was 'n soldaat. Hy was ook feilbaar. David het net soos ek skuldig en verraai gevoel en baie trauma gehad. Tog het David een ding gehad wat ek destyds nie gehad het nie en dit was 'n diep en innige verhouding met God.

"Hierdie besef het 'n nuwe deur in my hart oopgemaak – 'n deur na genesing, na geloof en na 'n liefdevolle God wat nooit opgehou het om my te oortuig van sy liefde nie.

"David het altyd God in sy hart gekoester. Dwarsdeur die Psalms het David sy hart uitgestort – sy pyn, sy vreugde, sy vrese en hoop op die Here God.

"Wanneer ek daardie woorde gelees het, het ek iets belangriks besef : dit was nie genoeg om net te weet van God nie. Dit was nodig dat ek 'n ernstige en innige persoonlike verhouding met God moes hê.

"Op 27-jarige ouderdom het ek tot die slotsom gekom dat ek nie 'n sukses van my lewe kan maak deur net op my eie krag staat te maak en hard te probeer om 'n goeie mens te wees nie. Ek het tot God geroep en gesmeek om vergifnis omdat ek selfsugtig my eie pad in die lewe gevolg het.

"Ek het toe begin bid tot God en in alle erns die Bybel begin lees sodat my geloof begin groei het.

"Ek het met musiek begin na ek die baskitaar opgetel het. Ek het by die kerk se lofsanggroep aangesluit waar ek ware vreugde en vervulling gevind het deur die Here te dien. My hart het stadigaan begin heel, terwyl ek lofsange tot sy Naam gesing het.

"My verhouding met God het al hoe sterker gegroei en my verhoudings met mense rondom my het verbeter. Ek het begin besef hoe diep God se liefde vir my is.

"Ek is geïnspireer deur die voorbeeld van Jesus. Ek het geweet dit is nodig dat ek 'n persoon sal word wat sy kruis opneem en sy lewe aflê.

"Ek het deur hierdie reis 'n eenvoudige waarheid geleer: Dit gaan alles oor verhoudings.

"Die Bybelvers waarop die patroon van my lewe nou geskoei is, is: '***Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê'*** (Joh. 15:13).

"Die wêreld kan maar sê dat mag kom van sterkte, geld en respek, maar ek weet dat ware sterkte kom van God se liefde en ''n dienskneg se hart.

"My gebed bly eenvoudig: ***God se wil sal geskied. Ek wil daardie wil dien.***

"Dit is nou waarna ek strewe om te doen by Japansending. Of dit nou is om Engels te onderrig, ander plaaslike pastore te gaan ontmoet, gelowiges te ondersteun of om net teenwoordig te wees in die daaglikse lewe, is my missie steeds om ander lief te hê soos Christus liefhet. Ook om die hande en voete van Jesus te wees en om die hoop wat my uit die donkerte gepluk het aan ander te wys en om so ander te kan help om ook die lig te vind."

## *BEDIENING VAN NATHAN JOHNSON*

Nathan Johnson kom vanaf die VSA en het in Maart 2025 by Japansending aangesluit.Hy het sedertdien gedien as 'n Engelse evangeliese onderwyser. Elke week besoek hy 'n aantal kerke om hulle te ondersteun in die evangelisering van die gemeenskappe.

Nathan het die geleentheid gehad om bevriend te raak met en ook Engels te onderrig aan menige ongeredde studente. Bid asseblief dat God Nathan sal bewaar en hom wysheid sal gee. **Bid** dat hy baie effektief sal wees met die uitreik na baie met die evangelie.

## *UITREIK NA DIE BEJAARDES*

Die hoofkwartier van Japansending is geleë binne loopafstand van vier aftreeoorde.

Ons het gereelde geleenthede om uit te reik na die bejaardes en die saad te saai.

Uit ***respek vir die Dag vir Bejaardes*** maak ons 'n punt daarvan om die aftreeoorde te besoek, vir hulle blomme te neem en God se liefde te deel. Ons het onlangs die voorreg gehad om 'n bejaarde te gaan bemoedig wat nie meer wou lewe nie, omdat haar familie haar nooit meer besoek het nie.

Om vir haar hoop te gee, was 'n wonderlike manier om die saad te saai. David Verwey is gevra om op 13 Julie 'n groep 60-jarige vriende van 'n goeie Christenvriend, Shinji, te gaan toespreek. Hy het 80 geword en is onlangs gediagnoseer met gevorderde breinkanker.

Sy vriende, wat meestal nie-Christene was, is genooi na wat Shinji verwys het as sy ***afskeidspartytjie***. Daar het hy vir David die geleentheid gegee om met hulle die hoop te deel wat Christene het vir hulle toekoms. Dit was 'n wonderlike